
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

GENADE

"Die definisie van genade is beskryf as "die onverdiende guns van God." Genade is om te verkry wat jy nie verdien nie., en barmhartigheid is om nie te kry wat jy wel verdien."

Jesus Christus, die enig Gebore Seun van die Allerhoogste God, ons Hemelse Vader, het van die hemel af gekom en het al Sy rykdom en heerlikheid gelos, sodat Hy `n gewone mens kon wees. Die ontsagwekkende wonder hiervan is dat Hy dit alles gedoen het, sodat Hy na `n kruis op Golgota kon gaan om vir ons sondes en siektes te sterf. Hy het mens geword sodat ons kinders van God kon word. Halleluja! Wat `n wonderlike Verlosser! Hy was ryk en tog het Hy arm geword, sodat ons, deur Sy armoede, ryk kon word – ryk in geestelike seëninge – ryk met blydskap, ryk met vrede, ryk met geregtigheid.

Die Bybel sê, **Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek...Ps.40:3.** Stel jou voor dat jy in dryfsand, in `n aaklige put was, en voel dat jy elke dag al dieper insak. Hierdie put mag miskien dwelms, alkohol, wellus of liefde vir geld wees, of `n ander slawerny wees, wat vir jou verdriet veroorsaak het en aan jou die begeerte gegee het om `n ander lewe te lei. Wel jy kan, omdat Jesus dit vir jou moontlik gemaak het. Hy het jou lief genoeg gehad dat alhoewel Hy ryk was, met al die heerlikheid van die hemel, Hy dit alles verlaat het om `n mens te word, sodat ek en jy deur Sy armoede, geestelik ryk kon word. Ons wat verlore was in die sonde, vasgevang deur ons eie kettings van sonde, kan skoon en rein gemaak word soos Hy is, deur Sy Bloed. Watter rykdom! Een van die grootste rykdom wat ons kan hê is gemoedsrus, om te weet dat al my sondes weg is. Jesus het die prys vir my sondes betaal, en nou kan ek Sy vrede ken. Watter ander rykdom kan daarmee vergelyk word?

Die definisie van genade is beskryf as "die onverdiende guns van God." Genade is om te verkry wat jy **nie** verdien nie., en barmhartigheid is om **nie** te kry wat jy **wel** verdien. Daar is nie een van ons wat **verdien** om gered te word nie. Nie een van ons is uit onsself goed genoeg nie. Nie een van ons kan God se guns verdien nie, of God tevrede stel deur ons werke nie, tog **gee** Hy vrylik aan ons verlossing, Hy **gee** Sy liefde, Hy **gee** aan ons vergifnis, Hy **gee** aan ons oorwinning! Ons **verdien** die hel en tog **gee** God aan ons Sy Heilige Gees, Sy vergifnis, Sy natuur, Sy gawes en Sy vrug. Dit is slegs God se genade en al wat dit ons kos is gehoorsaamheid aan Sy Woord.

Vir ons is genade verniet, maar dit het vir God Sy Seun gekos. Dit het ons niks gekos nie, maar dit het vir God alles gekos Hy moes sien hoedat Sy Seun vir ons sondes gesterf het. Hy moes aanskou hoedat al ons vuilheid en ons sondes op Sy vlekkelose, Heilige Seun geplaas is, en toe dit aan die kruis plaasgevind het, het Jesus uitgeroep **" My God, My God waarom het U My verlaat?" (Ps.22: 2** en **Mark.15: 34).** Jesus het die Hemel verlaat om ons met die Vader te versoen, en dit is presies wat genade is. Die wonderlike genade van God wat sondaars in heiliges verander. Wanneer ons Jesus Christus as ons Verlosser ontvang, kom Hy in ons hart woon, deur Sy Heilige Gees, en dit is wanneer ons wedergebore word. Die feit dat Jesus as `n mens aarde toe gekom het is wonderlik, maar die feit dat Hy in ons hart kom woon, is werklik verbasend! Dit is wat verlossing is – dit is God wat aanbied om jou Sy woonplek te maak, om die Heilige Gees in jou te plaas.

Die rykdom van Jesus verwys nie na materieële besittings nie, dit word gevind in Sy ware karakter, in Sy persoonlikheid, Sy teerheid, Sy geduld, Sy liefde vir alle mense, Sy suiwer en Heilige natuur. Die grootste rykdom wat God het is Sy karakter en Sy Gees. Toe God aan niks beter kon dink om aan ons te gee nie, het Hy Homself gegee, en die oomblik van verlossing, plaas Hy Sy Gees binne-in ons. Ons is nie net gered om die ewige lewe te beerf nie, maar om verander te word na die beeld van Jesus. Toe ons Jesus ontvang het, het die Heilige Gees ons instaat gestel om soos Hy te begin optree. Die kruis is nie net die weg van versoening nie, dit is `n lewenswyse. Dikwels kan ons iemand anders ryk maak deur dood te wees vir dinge soos wraakneming en haatdraendheid. **En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, `n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. Johannes getuig van Hom en roep en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat na my kom, het voor**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - GENADE)

my geword, want Hy was eerder as ek. En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade. Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom (Joh.1:14 – 17).

Jesus was vol genade en as die Heilige Gees in ons is, het ons die Gees van Jesus in ons, en behoort ons ook vol genade te wees. **Want ons almal het ontvang van Sy volheid, genade op genade.** Die Nuwe Verbond beteken dat ons nie langer onder die wet is nie, maar onder die genade en waarheid, daarom is dit nodig dat ons aanhoudend en bewustelik ons geloof in die genade van God, vir al ons behoeftes, sal plaas. Wat ookal ons probleem of behoefte is, wat ookal ons swakheid of versoeking is, wat ookal ons stryd is, God se genade is altyd genoeg. God sal selfs aan ons die genade gee om elke sonde te oorwin. Ons moet nooit, op enige vlak, `n kompromie met sonde aangaan nie, en strewe altyd na heiligheid, maar om sonder genade dit te doen, sal ons slegs veroordeling en wanhoop ondervind. Die Bybel moedig ons aan om heilig te wees, soos God heilig is en dit is slegs moontlik deur geloof in Jesus, deur `n beroep op God, deur genade. As ons bid "God gee my genade om hierdie sonde te oorwin," sal God dit doen. Jesus is vol van genade, genade op genade. Hoe kan ons verander? Slegs deur `n begeerte om dit te doen en deur Sy genade.

"Jesus was vol genade en as die Heilige Gees in ons is, het ons die Gees van Jesus in ons, en behoort ons ook vol genade te wees. "

Paulus verwys aanhoudend na genade, byvoorbeeld, **Volgens die genade wat aan my gegee is.** Hy verklaar in **1 Kor.15:10: Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.** Dit is deur die genade van God dat ons rein is. Dit is deur die genade van God dat ons sekere gawes het (Rom.12:6). Dit is deur die genade van God dat ons verskillende roepings het (2 Tim. 1:9). Dit is genade wat ons maak wat ons is. Let op hoe versigtig Paulus is om aan God die krediet en eer te gee. Elkeen van ons, watter vordering ons ookal met God gemaak het, is verplig om saam met Paulus te sê, **"Deur die genade van God is ek wat ek is."** Dit was nie ons werke, of ons geestelikheid, of ons goedheid nie. Dit was die mate waartoe ons God vertrou het vir genade!

Dit is moontlik om genade te verwaarloos. Paulus het nie die genade, wat aan hom gegee is, verwaarloos nie. Dit was nie tevergeefs nie. Ons vrye wil speel hier `n beslissende rol netsoos op ander plekke in die Christelike lewe. Ons moet `n keuse maak om te glo en God te vertrou vir genade. Laat dan daardie genade in ons werk, soos Paulus gemaak het. Kyk op vanuit die put, raak Jesus-bewus in plaas van sonde-bewus. Hierdie is `n basiese beginsel! Plaas jou geloof voortdurend in die genade van ons Here Jesus Christus en jy sal verander.

Paulus, waar hy oor sy bediening gepraat het, verklaar in **Ef. 3:7-8**: **Waarvan ek dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag. Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig..** Weet jy waarom Paulus so magtig deur God gebruik is? Dit was as gevolg van sy nederigheid, dit was omdat hy geweet het dat hy niks was nie. Hy het absoluut geen geloof in homself gehad nie. Hy was geheel en al afhanklik van God. Die sleutel tot Paulus se lewe is dat hy homself as die geringste van die heiliges beskou het en daarom het hy God openlik en in alle omstandighede vir genade vertrou. Daar is vandag min Christene wat hulself minder as die geringste van alle heiliges beskou.

Gee aandag aan wat jou eie mening oor jouself is. Kan jy met eerlikheid sê dat jy jouself geringer ag as die swakste Christen wat jy ken? Meeste van ons weet baie goed dat ons nie minder as die minste is nie, en dit is presies wat verkeerd is met ons.. As ons ons eie harte en lewens wil ondersoek, sal ons geen geloof oor hê in ons werke nie. Met geen geloof oor in ons werke, sal ons verplig word om na Jesus te kyk. En wanneer ons volkome vertroue in Jesus stel, sal aan ons genade gegee word om meer soos Hy te word.

Die Fariseërs was van diegene wat probeer het om hulle eie geregtigheid vas te stel. Hulle was geweldig godsdienstig en het die skrif verseker goed geken, maar hulle was verlore, omdat hulle steeds op hul werke vertrou het vir redding. Hul geloof was nie in die Here Jesus nie, hul geloof was alleen in hulself . Om die waarheid te sê, meeste van hulle het nie hul Messias, die Here Jesus Christus, herken, toe Hy op die aarde was nie. Hulle houding was een van trots in hulself, en veragting en minagting vir andere. Hulle was streng godsdienstig, maar was nogtans verlore, en ongelukkig is daar vandag steeds te veel van ons in die kerk, met dieselfde gees van die Fariseërs in ons houdings en dade. As ons, in enige opsig, op godsdiens vertrou, in plaas van op Jesus, het ons probleme.

Heb. 4:14-16 gee ons `n kykie in die ondeurgrondelike genade en barmhartigheid van ons Here. **Terwyl ons dan `n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie `n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.**

Enige tyd, wanneer ons `n behoefte het, maak nie saak hoe groot of klein, word ons genooi om daardie behoefte direk na Jesus, ons groot Hoëpriester te neem. Nie na `n gelowige op aarde, nie na `n prediker nie, maar na Jesus, die ware Seun van God. Wat in die hemele ingegaan het. Die Skrif vertel ons, **Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus... 1 Tim. 2 vers 5.**

Jesus, alhoewel Hy God verpersoonlik, ken en verstaan elke probleem en versoeking van ons. Hy was versoek op elke manier waarop ons versoek kan word. Hy was versoek sodat Hy ontmoedig kon word. Hy was versoek om neer te val en die duiwel te aanbid. Hy was versoek deur prestasie, trots en status. Hy was versoek om die handdoek in te gooi, versoek op alle gebiede, net soos ons, maar sonder sonde. Dit is nie `n sonde om versoek te word nie. Dit is slegs `n sonde wanneer jy "ja" sê daarvoor of toegee daaraan. Ons Here het elke soort versoeking ondervind, maar Hy het vas gestaan teen Satan, soos ons ook kan.

Deur ons wonderlike Verlosser, ons Hoëpriester wat aan die regterhand van God sit, kan ons met vrymoedigheid na die troon

(Vervolg op Bl. 6)

The Redemptive Names of God

Yahweh-Shamma: The Lord is there, or present Yahweh-Tsidkenu: The Lord our Righteousness Yahweh-Ra-ah: The Lord is my shepherd Yahweh-Nissi: The Lord is our Banner

Yahweh (YHWH) is the redemptive name of the One True God, and means "the Self-existent One Who reveals Himself."

These redemptive names point to God's continuous and increasing self-revelation. He wants us as His children to know who He is, according to His attributes and character. In His redemptive relationship to man, Yahweh has ten descriptive names which reveal Him as meeting every need of mankind.

Since it is God's redemptive relationship to us that these names reveal, they must each point to Jesus and His death at Calvary, where we were redeemed. The Scriptures teach that the Atonement made for us by our Lord Jesus Christ on the cross, makes provision for every blessing that each of God's redemptive names represent.

THESE REDEPMTIVE NAMES ARE:

Yahweh-Shamma: *The Lord is there*, or present *(Ezek. 48:35),* revealing to us the redemptive privilege of always being able to enjoy the presence of Him Who says, **Lo, I am with you always (Matt. 28:20).**

That this blessing is provided by the Atonement is proved by the fact that we were **made nigh by the blood of Christ. (Eph. 2:13).**

Yahweh-Shalom: *The Lord our Peace (Judg. 6:23-24)*, reveals to us the redemptive privilege of having His peace. Accordingly, Jesus says, **My peace I give unto you. (John 14:27).**

This blessing is in the Atonement because the chastisement of our peace was upon him **(Is.53:5)** when He made peace through the blood of his cross. **(Col. 1:20).**

Yahweh-Ra-ah: *The Lord is my shepherd (Ps. 23:1).* Jesus became our Shepherd by giving His life for the sheep, according to **John 10:11,15,** therefore this privilege is a redemptive privilege, provided for by the Atonement.

Yahweh (YHWH) is the redemptive name of the One True God, and means "the Self-existent One Who reveals Himself."

Yahweh-Jireh: *The Lord will provide* an offering *(Gen. 22:14);* and Christ was the Offering, (the Lamb of God), Whom He provided for our complete redemption.

Yahweh-Nissi: *The Lord is our Banner,* or "Victor", or "Captain" *(Ex. 17:15)*. It was when, through the cross, Christ triumphed over principalities and powers **(Col. 2:15)**, that He provided for us, by the Atonement, the redemptive privilege of us being able to say: **Thanks be to God, which giveth us the victory through our Lord Jesus Christ (1 Cor. 15:57 and Rom. 8:37).**

Yahweh-Tsidkenu: *The Lord our Righteousness (Jer. 23:6).* Jesus became our righteousness by bearing our sins on the cross, therefore, our redemptive privilege of receiving "the gift of righteousness" **(Rom. 5:17)** is an Atonement blessing.

Yahweh-Meqaddeshkem: *The Lord who sanctifieth you (Exod. 31:13).* Jesus does the work of sanctification through His Blood, **(Heb.13:12)** therefore our Redemptive privilege of receiving "sanctification" is an Atonement blessing, one which confirms that "Jesus is not ashamed to call us Brethren". **Heb. 2:11.**

Yahweh-Elyon: *The Lord most High (Ps. 7:17).* Our redemptive privilege of receiving the authority given us to use the Name of Jesus is an Atonement blessing. (**Phil. 2:9).** Jesus told His disciples in **Mark 16:17-18: And these signs will follow those who believe: In My Name they will cast out demons; they will speak with new tongues; they will take up serpents; and if they drink anything deadly, it will by means hurt them;** (the works of the devil) **they will lay hands on the sick, and they will recover.**

Yahweh-Rapha: *I am the Lord thy Physician,* or *I am the Lord that healeth thee (Ex. 15:26).* This name is given to reveal to us our redemptive privilege of being healed. This privilege is provided by the Atonement. Isaiah, in the redemptive chapter, declares, **Surely he hath borne our griefs** (sicknesses), **and carried our sorrows** (pains) **(Is. 53:4; Matt. 8:17).**

The very first covenant God gave after the crossing of the Red Sea, which was a type of our redemption, was the covenant of healing. It was at this time that He revealed Himself as our Great Physician, by the first redemptive and covenant name, *Yahweh-Rapha: I am the Lord that healeth thee.* This is not only a promise: it is a statute and an ordinance. **(Ex.15:25)** Corresponding to this Old Testament ordinance, we have, in the command of James 5:14, a positive ordinance of healing in the name of Jesus, which is as important and relevant to the Church today as are the ordinances of the Lord's Supper and of the Christian Baptism of the Believer by full immersion.

Since *Yahweh-Rapha* is one of God's redemptive names, sealing the covenant of healing, then Jesus, during His exaltation could no more abandon His office of *Healer* than His other offices as revealed by His other redemptive names.

None of the blessings which His redemptive names reveal have been deleted from the New Covenant, which the writer of Hebrew calls a "better" Covenant? **(Heb. 7:22)**

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - The Redemptive Names of God)

Isaiah begins chapter 53, the "redemption chapter", with the question in verse 1: ***Who hath believed our report? and to who is the arm of the Lord revealed?***

The report follows that Jesus has borne our sins and our sicknesses.

The answer to the question is: Only those who have heard the report could believe it, because faith cometh by **hearing**. Since Jesus died to deliver human beings, it is surely worth reporting. In verses 4 and 5 of this "redemption chapter", we see Jesus suffering for: our sicknesses, our pains, our transgressions, our iniquities, our peace and our healing. We read Jesus' words concerning His pending crucifixion and His ordinance for future partaking of communion in **1 Cor. 11:24-26**, and verse 26 tells us that as often as we eat of the Bread, and drink from the Cup, we proclaim the Lord's death until He comes. Once again we need to proclaim or report His death and resurrection often.

"We would be "taking away" from the Word of God if we were to exclude ourselves from any of these blessings"

We would be "taking away" from the Word of God if we were to exclude ourselves from any of these blessings. When we read Matthew's interpretation of Isaiah, chapter 53, he says Jesus healed all that were sick in order to fulfill Isaiah's prophecy: **Himself took our infirmities** (weaknesses), **and bare our sicknesses** (diseases) **(Matt. 8:16 and 17).** We would have to misquote these scriptures to exclude ourselves from the redemptive blessing of healing for our bodies.


If, as some think, Christ is unwilling to heal in the same way since He has risen, as He did during His time here on earth, then He would have to break His promise of John 14:12-13 in which He declares: **Most assuredly, I say to you, he who believes in Me, the works that I do he will do also; and greater works than these he will do, because I go to My Father. And whatever you ask in My name, that I will do, that the Father may be glorified in the Son.** He would also not be **Jesus Christ the same yesterday, and today, and forever** according to **Hebrews 13:8.**

Since the promise of healing, which is made to "any" who are sick **(James 5:14),** is equally available to all, as is the promise of salvation, which is made to "whosoever" is sinful **(John 3:16),** and since Jesus Christ, in His sacrificial death, bore our sicknesses **(Matt. 8:17)** the same as He bore our sins **(1 Pet. 2:24);** then the fact is settled by the Scriptures that the sick have the same opportunity to be healed in their bodies as the sinful have to be healed in their souls.

If the body was not included in redemption, how can there be a resurrection? **How can corruption put on incorruption or mortality put on immortality? (1 Cor. 15:54).**

It is important to note that there are two elements of which we partake at the Lord's table, when we bring into remembrance His sacrificial death. They are the bread and the wine (cup). The bread represents His Body which was broken for us by wounds. Jesus took the bread, broke it and giving thanks He said: **Take, eat; this is My body which is broken for you; do this in remembrance of Me. (1 Cor. 11:24).** During His crucifixion, His Body was broken beyond recognition by wounds which paid for our healing. The Bible declares in **Isaiah 53:5**, that by His wounds we are healed, we can receive physical healing by faith, in His finished work on the Cross. The cup represents the Blood of Jesus by which our sins have been forgiven and we have been redeemed. The power invested in the Blood of Jesus defeated the devil at Calvary, and has given "those who believe", power over the works of the enemy and eternal life. Jesus took the cup saying: **This cup is the new covenant in My blood. This do, as often as you drink it, in remembrance of Me. (1 Cor. 11:25).** The broken Body of Jesus paid for our every physical need, and the Blood paid for our every spiritual need.

The atoning death of Jesus Christ secured for us not only physical healing, but also the resurrecting and perfecting and glorifying of our bodies. _



NEW ENGLISH BOOK

Book No. 64 – THE CHRISTIAN AND JOB compiled by Dr J J van Zyl

Sets the record straight regarding the Biblical facts concerning Job.

Obtainable from the Stanger Christian Centre @ R8.00 each

NEW TAPES AVAILABLE

The Simplicity of the Gospel— Dr James Van Zyl

The Significance of the Passover – Pentecost—Shavuot

Pst. David Gericke

Available at R10 per tape

uit dr james se kantoor

Geliefde in die Here,

Die Here het die behoefte dat Sy Woord, selfs in `n groter maat as voorheen, moet uitgaan, sterk op my hart gelê, as gevolg van die dringendheid van die tyd waarin ons leef. Ons lees in **Rom. 10 verse 13-14: Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?** Toe ek die gawe van genesing van die Here in 1978 ontvang het, terwyl ek nog as `n mediese dokter gepraktiseer het, het ek geweet dat Hy my vir voltydse bediening geroep het en dat dit my sal genootsaak om my mediesepraktyk te verlaat. Ek het nie net `n las vir die siekes, veral vir diegene vir wie die mediese wetenskap niks kon doen nie, gehad, maar ek het ook `n las vir die mense van hierdie land en die buurlande gehad. `n Las om diegene wat verlore is tot verlossing te sien kom en diegene wat siek was hul genesing te sien ontvang. Vir meer as vyftien jaar het ek en Meg, elke maand regdeur hierdie land en buite sy grense gereis, om die goeie nuus van die Evangelie van Jesus Christus aan duisende te bring. Ons was geseën en bevoorreg om baie kosbare siele te sien wat `n besluit geneem het om dissipels van die Here te word en om ook te sien hoe die Here baie genees het wat aan elke denkbare siekte en kwaal gely het. Aan Hom alleen kom al die eer en lof toe. Die Here het toe aan my gewys dat daar `n behoefte was vir `n literatuur bediening, wat saam met die evangelie uitreikings in die land, sal kan plaasvind. God vertel ons in Sy Woord in Hos. 4 vers 6: **My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.** Die mense het die waarheid van God se Woord nodig gehad om hulle te voed en aan te moedig, om hulle te leer en hulle in staat te stel om geestelik te groei, en dit was toe dat ons maandelikse lering nuusbrief gebore is. Dit is gevolg deur boeke wat verskillende onderwerpe gedek het, soos die behoefte ontstaan het om die baie vrae wat ons ontvang het te beantwoord. Elke boek is op die Bybel gebaseer en lig die waarheid van God se Woord aangaande `n bepaalde onderwerp uit, en die Here het hierdie literatuur projek oorvloedig geseën. Ons ontvang voortdurend honderde briewe wat getuienis lewer van veranderde lewens deur die waarheid van God se Woord wat verstaanbaar gemaak is deur hierdie literatuur, waarvan baie kosteloos versprei is waar dit benodig was. Weereens gee ons aan Hom al die lof en eer, en dank julle wat dit oor die jare moontlik gemaak het.

Dit is nou die uur!! En ons het biddend besluit om duisende boeke te druk om dit te versprei onder diegene wat dit nodig het, deur middel van julle wat glo dat die Here julle op hierdie manier wil gebruik. Die eerste boek wat die Here op ons harte gelê het om gratis te versprei is **"Die Krag van Vergifnis"** en die Engelse vertaling **"The Power of Forgiveness".** Die rede waarom ons glo dat die Here wil hê dat ons met hierdie boek moet begin, is omdat dit `n sterk boodskap van versoening bevat, eerstens met God en tweedens met ons medemens. Daar is so baie twis, onenigheid en haat oral om ons, wat deur Satan self aangeblaas word en ons glo dat hierdie boek, God se teenaanval is om die liefde, herstel en versoening, wat so nodig is in hierdie tyd, teweeg te bring. Dit bevat natuurlik die boodskap van Jesus as die enigste weg tot redding.

Kontak ons asseblief as jy graag deel wil wees van hierdie verspreiding, deur uit te reik na jou vriende, familie en die ongereddes. Die Bybel vermaan ons in die Groot Opdrag, om die evangelie aan die ganse mensdom te verkondig (Mark. 16:15). Jy mag dalk nie `n prediker wees nie, maar jy kan `n boek wat die Goeie Nuus bevat, in die hande van `n verlore siel plaas. Ons wag op jou biddende reaksie op hierdie onderneming van Woord Evangelisasie Uitreiking. Gee asseblief aan ons `n idee van die aantal gratis eksemplare van die twee bo-genoemde boeke wat jy nodig het en by magte is om te versprei.

Neem egter asseblief kennis, dat die enigste twee boeke wat op die oomblik gratis beskikbaar is vir hierdie projek "Die Krag van Vergifnis" en "The Power of Forgiveness" is. Ons vertrou dat dit vir ons moontlik sal wees om op `n latere datum, die volgende boek op dieselfde manier beskikbaar te stel, soos die Here ons lei en wys watter een dit moet wees.

Ons is so opgewonde oor hierdie nuwe projek wat die Here op ons harte gelê het, en wat moontlik gemaak is deur julle liefdevolle ondersteuning van die bediening wat uitgaan vanaf die Stanger Christelike Sentrum, deur siele vir Jesus te wen. Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om julle te bedank vir julle gebedes, liefde en aanmoediging, wat ons instaat stel om aan te hou om die wonderlike evangelie van ons Here Jesus Christus te versprei.

Wees altyd verseker van ons liefde, waardering en gebedes.

"Die Here het toe aan my gewys dat daar `n behoefte was vir `n literatuur bediening, wat saam met die evangelie uitreikings in die land, sal kan plaasvind."

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 2 - GENADE)
van genade gaan. Ons kan na die troon van genade gaan om barmhartigheid te verkry. Dit is van toepassing op sonde. Ons het God se barmhartigheid nodig wanneer ons aan sonde toegegee het, wanneer ons aan versoeking toegegee het. Maar loof die Here, Jesus het gesterf, Hy het reeds die straf vir ons sondes betaal, Hy is reeds vervloek daarvoor. Daarom kan ons God met vrymoedigheid nader en sê: "God, ek verdien dit nie om hier te wees nie, maar ek sien een woord wat op U troon geskryf is, GENADE, en hier is ek en ek het U nodig. Wees my barmhartig en help my, dit is `n tyd wat ek U nodig het." Moenie opgee nie, moenie aan jou sonde verstel nie, moenie toelaat dat jou gewete gesus word nie, kom na die troon van genade in jou tyd van nood. Die duiwel sal jou vertel dat God wag om jou te tugtig, maar God wil jou help, meer as wat jyself gehelp wil word.

Die Bybel sê in Rom.8 vers 26 dat die Gees ons help met ons swakhede. As ons volmaak was, sou ons God nie nodig gehad het nie, maar ek het die Heilige Gees persoonlik nodig om my swakhede te help. Somtyds word ek nog steeds ongeduldig en kwaad, en het `n nuwe aanraking van God nodig. Ek gaan dan na Sy troon van genade om Sy barmhartigheid te ontvang.

Onthou altyd dat as ons enigiets het, dit deur genade is. Daarom is daar geen plek vir roem nie, behalwe in die Here. Daarom moet ons in tyd van nood, nederig na die troon van genade gaan, want God **"gee genade aan die nederiges" (1 Pet. 5:5).** Laat ons ons geloof in God se genade plaas vir verlossing, genesing en oorwinning deur met vrymoedigheid na die troon van genade te kom om barmhartigheid te verkry, en om genade te vind om te help in tyd van nood. Ons moet Hom toelaat om ons te verander na die beeld van Sy geliefde Seun Jesus, want deur gehoorsaamheid, gebed en deur Sy genade kan ons verander en reg wees vir Sy spoedige terugkeer en die bruilofsfees van die Lam. C

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

15 Julie & 12 Augustus 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

BOEKE EN BANDE—Indien u 'n lys van ons boeke en bande benodig kontak ons asseblief

HOE OM TE BESTEL: Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/ VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

SPESIALE WOORD VAN DANK

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beantwoord.

UIT ONS POSSAK

Hoe waar is Heb. 11:6 is die versie wat ek op staan en ons Hemelse Vader het my nog nooit teleurgestel nie!! Net nadat ek aan julle die faks gestuur het om vir Santie te bid, het sy die volgende dag uit intensief gekom en die bloute in die long was weg! Ons gee Hom al die eer en lof en aanbidding van ons harte en ook dankie dat ek mense gevind het wat met my kan saamstem vir die gebed. Mag die Here julle met krag en sterkte seën tot uitbreiding van Sy koninkryk.

Liesl

Dit is wonderlik om weer te kan getuig hoe groot onse Hemelse Vader is. Die dankbaarheid is so groot dat ek dit nie kan beskryf nie. Ek loof en prys die Here!! Ek het in Maart vir Dr James geskryf waar ek voorbidding gevra het om vir my te bid vir 'n knop in my bors. God het my aangeraak, Hy het my genees volgens die Here se wil. Ek loof en prys die Here want Hy is groot en almagtig. Ek wil net dankie sê vir Clive en Sonja, en vir my en almal wat voorgebid is. Baie dankie want sonder God kan ons niks doen nie.

Mev P Dobson, Pretoria

Baie dankie vir julle brief en ook die boeke wat ek ontvang het, dit was goed om weer van julle te hoor. Ek wil net vir julle die goeie nuus meedeel dat die wond aan my been genees is, die hond het mos twee jaar gelede teen my been gespring, nou wil ek net weer vir julle baie dankie sê vir al die gebede en ook vir ons Hemelse Vader!!

Lina, Calitzdorp

Ek groet u in die naam van Jesus. Graag wil ek vanoggend getuig hoe goed die Vader vir my in die afgelope jare was. In April 2004 moes ek verneem dat ek vir my derde rugoperasie moes gaan. Wat net 'n vieruur operasie sou wees, was toe 'n nege uur operasie. Die skroewe wat die dokter vier jaar vantevore ingesit het, was morsaf gebreek en hy moes dit toe eers uithaal en weer die skroewe vervang op daardie plek en ook verder nog ander skroewe insit. Dokter ek was na die intensiewe afdeling gestuur vir 5 dae. Die volgende dag het my man u sentrum geskakel en voorbidding gevra vir my. Ek kan u nie genoeg vertel wat daardie gebed gedoen het nie. Na 'n paar dae is ek ontslaan en ou 'n jaar later het ek geen probleem met my rug nie, tenspyte van agte skroewe in die rug. Ek kan my huiswerk doen, en vele ander dinge sonder enige pyn. Ongeveer ses weke na my rugoperasie het ek 'n benoude gevoel in my bors gekry. Ons het met die dokter gepraat en ek is toe hospitaal toe. Daar aangekom het sy gediagnoseer dat ek 'n bloedklont in die long het. Hulle het toe die volgende dag toetse gedoen waar hulle weer bevestig het dat dit wel 'n bloedklont was. Die Dinsdagoggend het hulle besluit om 'n angiogram te doen. Dokter ek was verskriklik bang. Hulle sou 6.00 die aand die angiogram doen en 4.00 die middag het ek my man gevra om huis toe te gaan en die sentrum te bel vir voorbidding. Hy het met Joey gepraat wat toe dadelik gesê het sy sal die span bymekaar kry om vir my te bid. Dokter toe hulle die angiogram neem, sê die dokter hy kan nie verstaan wat aangaan nie, aangesien my are so skoon is daar is nie eens 'n aanpaksel in enige aar nie. Die angiogram was heeltemal normaal. Prys die Here! Dit kan net Hy wees wat my in daardie 2 ure gesond gemaak het!

Fichardtpark

Wees gegroet in die naam van Jesus ons Heiland! God is groot en God is goed!! Ek wil dankie sê vir julle gebede vir ons in krisistye. Ekself asook twee familielede was baie siek, maar Jesus het ons aangeraak en ons genees. Ook 'n jong seun wat verlam was, is na 'n operasie besig om te herstel. Hy kan weer al twee sy bene beweeg! Mag ons Hemelse Vader u almal ryklik seën! Liefde groete.

C Horn, Dalview

Ek wil graag getuig oor hoe goed die Here vir my skoondogter was. Sy is die bestuurder by 'n groot kettingwinkel. Sy sê altyd "Moeska", die Here bestuur my winkel, nie ek nie". Hoofkantoor se mense het gister by haar 'n besoek afgelê. Haar verkope was die hoogste van al die takke in die land, sy het haar "target" met R80 000 oorskry!! Ek het al voorheen vir julle gevra om asseblief vir Yolandi en Dewald te bid en saam met hulle wil ek vanoggend al die eer aan die Here bring!

Lynne Trytsman

Ek groet u in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus wat vir ons oorvloedige lewe skenk. Ek wil van die groot wonderwerk getuig wat ons liewe Here in my kleinseun Harm se lewe gedoen het. Ek het verlede jaar op 5 April 2004 in gebel en 'n gebedsversoek gerig vir my kleinkind wat die 4de April 2004 gebore is. Die aand van die 4de April het die nag personeel van Dordrecht hospitaal agter gekom dat daar iets fout is. Die dokters het hom dadelik Bloemfontein toe gestuur en agv. sy longetjies kon hulle nie dadelik opereer nie. Ek het elke oggend 7 uur saam met die gebeds span gebid. Ek het slapelose nagte gehad, nagte gehuil en gebid en geweet ons het net een groot Geneesheer en vas gehou aan die Here. 'n Maand het verbygegaan en in daardie maand het die liewe Here vir my soveel teks verse gegee by soos Joh. 14 vers 13. Glo en bly in Hom, God sien ons hartseer, God gebruik kinders om die volk te lei en nog vele meer, ek het geweet ons God is Groot en my kleinkind is genees. Ek het die Here begin loof en prys vir sy genesing.

Klein Harm was die 4de April 2005, een jaar perdfris en gesond die mooiste vriendelikste en soetste kleine engeltjie, ons kan die Here nie genoeg dank vir 'n wonderwerk, al die lof en eer kom na Hom toe. Die Here seën julle alma ryklik. Jesus groete.

Mev L Hollenbach, Ugie

"Dokter toe hulle die angiogram neem, sê die dokter hy kan nie verstaan wat aangaan nie, aangesien my are so skoon is daar is nie eens 'n aanpaksel in enige aar nie. Die angiogram was heeltemal normaal. Prys die Here! "

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐ M47 The Name of our God
☐ M50 Charismatic Witchcraft
☐ M52 The laughing spirit explained
☐ M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐ M60 How Great is your God
☐ M61 Faith as a Mustardseed
M62 What does God expect of the family
☐ M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐ 16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐ 61 What does God demand
☐ 62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐ A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐ A25 The Faithfulness of the Father
☐ A28 He is Risen
☐ A30 Healing through the Cross
☐ A33 Holy Cows of religion
☐ A34 The Unlimited power of God's Word
☐ A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐ A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐ A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐ D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐ D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐ D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐ D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐ D38 The Presence of God – DGericke
☐ D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐ D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐ 13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐ D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

' NEWSLETTER ' CHEQUE ' BANK DEPOSIT ' P/ORDER

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..……

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……